# AFDELING A.

## HOOFSTUK 1.

## KLERKSDORP[1] : 'N HISTORIESE OORSIG.

### Voor die koms van die blanke beskawing.

a. Vroegste tekens van menslike bedrywighede.

Volgens verskeie voorbeelde van rotsgereedskappe wat in die Klerksdorpse gebied gevind is, blyk dat hierdie deel van Transvaal reeds vanaf die vroegste jare bewoon was. Die ou kleiput, ten weste van Swanepoelsnek, was blykbaar een van die vrugbaarste plekke, en hier is verskillende soorte rotsgereedskappe gevind. Hieronder was baie duidelik herkenbare voorbeelde van pyle, bylhoofde, krappers en ander gereedskappe, waarvan sommiges nog in 'n halfvoltooide toestand was[2].

Die oorblyfsels van sketse, gegraveer op rotse, word nog op verskeie plekke in die distrik aangetref. Alhoewel hierdie rotsgraverings bekend staan as „Boesman Graveerings", is dit nie bekend of dit wel Boesmans dan wel ander rasse was wat daarvoor verantwoordelik was nie. Omdat die graverings hoofsaaklik sketse uitmaak van sebras, seekoeie, wildebeeste, olifante, krokodille, slange en ander reptielsoorte, moet dit bepaald in verband staan met wei- of jagrasse[3].

b. Bloeddorstige en roofsugtige inboorlingstamme.

Die periode - waarskynlik duisend jaar of selfs meer - tussen die heel eerste en primitiewe bewoners van die gebied en dié van die latere meer bekende Bantoebevolking is vir ons duister en onbekend.

Tydens hulle tog van Soeloeland na Matabeleland het die oorlogsugtige impi's van Silkaats met groot gemak deur hierdie deel van Wes-Transvaal getrek[4].

/Hendrik ....

---

1. Met „Klerksdorp" as opskrif in hierdie verhandeling word bedoel die dorp self sowel as die huidige landdrosdistrik Klerksdorp.
2. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 55.
3. Ibid.
Guest: Voortrekkerdorp, 7.

Hendrik Potgieter het tydens sy optog na Mosega, met sy strafekspedisie in Januarie 1837, niks anders aangetref nie as net die „verwoeste kafferkrale van stamme wat deur Silkaats en sy bloeddorstige impi's vernietig en opgesluk is ....."[1]. Nadat Silkaats sy voorgangers uit die gebied verdryf het, het hy op verskeie plekke krale[2] gebou wat gedien het vir bewoning en verskansing[3].

Behalwe dat die krygsmanne van Silkaats ander inboorlingstamme in hierdie landsgebied verdrywe het, het hulle die Voortrekkers ook baie hoofbrekens besorg. Dit was eers nadat Silkaats se mag verbreek is na die slag wat plaasgevind het te Mosega op 17 Januarie 1837[4], en finaal by Kapain aan die Marikorivier in November 1837[5] dat hierdie gebied veiliger gemaak is vir die blankebevolking.

c. <u>Klerksdorp as 'n jagtersparadys.</u>

Volgens verskeie reis- en geskiedskrywers asook volgens mededelinge deur verskeie oumense moes die vlaktes in dié omgewing gedurende die vorige eeu gewemel het van klein- en grootwild.

Die waters van die Schoonspruit het tuiste gebied aan

/groot ...........

---

1. Potgieter en Theunissen: Kommandant-generaal Hendrik Potgieter, 70.
2. Persoonlike mededeling deur S.C. Ernst, Lapfontein: Alhoewel die oorblyfsels van hierdie krale, in die vorm van opgestapelde klipmure, op verskeie plekke in die distrik voorkom, is diè op die plaas Lapfontein die uitgebreidste en prominentste. Beide die binne- en buitemure is duidelik herkenbaar. Die binnemuur, van klippe wat regop gepak is, met pale langsaan ingeplant waaroor 'n grasdak was, het as woonvertrek gedien. Daaromheen is 'n kraal gebou met buitemure van klip, sowat 6 voet hoog. Saans is die vee tussen die woonvertrek en buitenste ringmuur ingejaag om hulle teen roofdiere te beskerm. Leeus is snags afgeskrik deur middel van brandende vure.
   Doodgebore kinders is in die woonvertrek begrawe. Oorblyfsels van sulke graftes - 'n paar plat klippe op die grond met 'n plat klip aan die koppenent regop ingeplant - kan nog herken word.
3. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 57.
4. Malan: Boer en barbaar, 120-121.
5. Ibid., 138.

groot aantalle seekoeie[1]. Leeus en ander roofdiersoorte het vee wat snags in die veld was, verskeur en opgevreet. Die eienaar van Hartebeestfontein, Wessel Badenhorst, het in 1848 - in geselskap van 'n paar ander jagters - jag gemaak op leeus. In hulle poging om die roofdiere, wat gedurig vee gevang het, uit te roei het hulle een-en-sestig leeus en groot aantalle tiers, wolwe, jakkalse en wildehonde gedood[2].

## 2. Die koms van die blankes.

Gedurende 1837 of 1838 het 'n groepie Voortrekkers met hulle gesinne al langs die Schoonspruit op getrek tot by die huidige Oudorp, Klerksdorp. Die groepie van twaalf huisgesinne het onder andere bestaan uit die gesinne van A.D. en J. de Clercq, J.L. en P.D. du Preez, D. Jacobs, F.J. Naude, P. Pretorius, G.L. en J. Roos en F.C. van Staden[3].

Alvorens hierdie groepie Voortrekkers hulle hier kon vestig, moes hulle eers onderhandel met 'n sekere jagter, C.M. du Plooy, wat die eienaar was van die ontsaglike groot plaas „Elandsheuvel"[4].

C.M. du Plooy het toe die helfte van sy plaas aan hulle oorgedra op voorwaarde dat hulle 'n watervoor moes grawe[5].

Na hulle verblyf in die sanderige, droë en warm streke voor hulle koms hierheen moet die vrugbare vallei van die Schoonspruit, met sy pragtige en weelderige plantegroei van mimosa- en kameeldoringbome, vir die Voortrekkers besonder aanloklik gewees het[6].

Gedurende 1839 het daar waarskynlik meer gesinne by die eerste groep aangesluit. Nadat hulle van die strafekspedisie teen Silkaats teruggekom het, het Hendrik Potgieter met die

/meerderheid ....

---

1. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 57.
2. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 2.
3. The history of Klerksdorp and district; bylaag in Die landdros se Distriks-rekordboek.
4. Guest: t.a.p.
5. E.V.R., 1881-1887. Art. 1090.
6. Guest: t.a.p.

meerderheid van sy volgelinge hulle op die vlaktes van Potchefstroom gevestig, waarvandaan hulle dan uitgesprei het[1].

Volgens die gewoonte van daardie tyd het die nuwe eienaars hulle stukkies grond te perd afgery. Bakens is dan opgerig volgens die afstand wat die perd in 'n bepaalde tyd kon stap. Omdat daar aanvanklik geen registrasiekantore was nie, het die nuwe eienaars ook geen offisiële oordraging van die grond op hulle name gekry nie[2]. Dit was eers so laat as 1847 toe die grond vir die eerste keer deur die landdros van Potchefstroom „geïnspekteer" is[3].

3. Die voorgeskiedenis van die plaas Buysfontein[4].

Behalwe dat C.M. du Plooy hom reeds in die gebied gevestig het voor die koms van die twaalf gesinne in 1837 of 1838, was ook die vrugbare en pragtig geleë plaas Buysfontein **reeds** bewoon.

Op 1 Mei 1838 het 'n sekere Van der Merwe, die grootvader van S.C. Ernst, te perd vanaf Klerksdorp al langs die oostekant van Schoonspruit opgery. Regoor die huidige plaas Lapfontein het die natuurskoon en die poort in die bergreeks aan die westekant van die spruit sy aandag getrek. Nadat hy daarheen gery het, het Van der Merwe in sy enigheid besluit dat dit sy plaas moes word.

Van der Merwe het op 2 Mei 1838 met sy gesin daarheen vertrek met die doel om hom daar te vestig. Enkele dae daarna moes hy egter agterkom dat die plaas reeds bewoon word deur 'n sekere Buys.

Nadat Van der Merwe 'n besoek aan Buys se woning[5] gebring

/het .........

1. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 28.
2. History of Klerksdorp and District; bylaag in Die landdros se Distriks-rekordboek.
3. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 57.
4. Meegedeel deur S.C. Ernst, soos dit aan hom vertel is deur sy grootvader, vader en verskeie oumense.
5. Die murasies van die oorspronklike woning van Buys is nog te vinde in die sg. poort op Buysfontein.

het, moes hy tot sy verbasing agterkom dat Buys twee nie-blanke meide aangehou het as vroue. Van der Merwe het aan Buys meegedeel dat hy van die meide moes afsien om die plaas te kon behou. Buys het besluit om liewer te trek.

Buys sou aan Van der Merwe meegedeel het dat hy hom in die Kaapkolonie besig gehou het met veediefstal. Omdat die Kaapse owerheid hom nie kon betrap nie, is hy toe voëlvry verklaar. Hierna sou hy na Griekwaland gevlug het, waar hy 'n Griekwameid as vrou geneem het [1]. Omdat daar onderlinge twiste tussen die naturelle ontstaan het, het Buys besluit om weer te trek. Terug Kaapkolonie toe kon hy nie gaan nie. Hy het toe oor die Vaalrivier getrek en hom op die huidige plaas Buysfontein gevestig.

Nadat Van der Merwe Buysfontein in besit geneem het, het Buys hom op Buyskop, Warmbad, gaan vestig. Kommandant Potgieter het hom weer eens gebied om te trek en hom 'n plaas in Soutpansberg [2] aangebied. Die kleurlingnasate van Buys woon nog steeds in die omgewing van Mara.

4. Die stigtingsdatum van Klerksdorp.

As gevolg van die gebrek aan betroubare gegewens kan die presiese stigtingsdatum van Klerksdorp nie met sekerheid vasgestel word nie. Die feit dat verskeie reis- en geskiedskrywers beweer dat Klerksdorp voor Potchefstroom gestig is, dui daarop dat dit nog glad nie 'n uitgemaakte saak is dat Potchefstroom die oudste aanleg in Transvaal is nie.

Gedurende 1837 of 1838 het 'n onderafdeling van Hendrik Potgieter se trekgeselskap hulle stukkies grond „afgemeet" langs die vrugbare vallei van Schoonspruit in Oudorp, Klerksdorp. Hierdie groepie nedersetters het onmiddellik begin met

/die ........

1. Sy was reeds dood toe hy hom in die Transvaal kom vestig het.
2. Soutpansberg was toe nog woes en leeg, onbewoon deur blankes.

die bou van huise en die aanlê van boorde en landerye. Binne enkele jare was daar reeds 'n ry huise, elk met sy eie tuine, wat ongeveer twee myl ver langs die spruit af gestrek het. Hiervolgens is „Klerksdorp ..... the oldest and first established settlement in the South African Republic"[1].

„Klerksdorp of the Voortrekkers was a village in 1838"[2].

Die eeufeesviering van Klerksdorp het op 19 April 1939 plaasgevind[3]. Dit dui weer daarop dat Klerksdorp in 1839 gestig moes gewees het.

Ds. A. Murray, jr., het in 1851, tydens sy tweede reis deur hierdie gebied, die volgende in sy verslag aangeteken: „..... en's Woensdags was eene gemeente mij wederom wachtende op het dorp aan de Schoonspruit gelegen voor wie ik op dien dag gepredikt en den Doop bediend heb"[4].

Dit wil egter voorkom asof die ontwikkeling van Klerksdorp as dorp gedurende die beginjare langsaam plaasgevind het. „Klerksdorp on the river Schoonspruit, five hours to the Southwest of Potchefstroom; .... can hardly be called villages as they consist mostly of a number of farms lying together and do not yet enjoy the privilege of a church ...."[5].

Sover vasgestel kon word, verskyn die naam „Klerksdorp" vir die eerste keer in offisiële geskiedkundige dokumente so laat as 1853. In daardie jaar het negentien burgers van Klerksdorp 'n klag by die Volksraad ingedien oor die gebrek aan water[6].

Die stigting van Klerksdorp en die vroeë aanleg daarvan

/in ........

1. Klerksdorp mining record, 3 September 1892.
2. Macdonald: Klerksdorp: gold town that was born anew; artikel in: Sunday Times, 12 Junie 1955, 32.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7 Maart 1939. Guest: Voortrekkerdorp, 99.
4. Spoelstra: Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, 77.
5. The Transvaal Argus, Dinsdag, 26 Junie 1866.
6. E.V.R., 14 Maart 1853, art. 63.

in die begingeskiedenis van die Z.A.R., „toe lang afstande kenmerkend was", as't ware „in die agterdeur van Potchefstroom", is beslis 'n eienaardige verskynsel. Nog vreemder is hierdie vroeë aanleg van Klerksdorp wanneer daaraan gedink word dat die huidige Wakkerstroomse distrik tot so laat as 1859, tot die grootste ongerief van sy inwoners, 'n deel uitgemaak het van die uitgestrekte Potchefstroomse distrik [1].

5. <u>Die benaming „Klerksdorp".</u>

Klerksdorp is vernoem na Barend le Clercq [2], een van die eerste intrekkers en eerste landdros [3].

In 1854 het ~~die~~ die dorpie bekend gestaan as „Klerkedorp". Gedurende daardie jaar is erwe in „Klerkedorp" verkoop teen slegs 500 Rds. elk [4].

6. <u>Dorpverklaring.</u>

Die feit dat die eerste bewoners van die Schoonspruit-vallei geen offisiële besitsreg van hulle eiendom ontvang het nie, het gedurende die tagtiger jare heelwat verwarring veroorsaak.

Alvorens Klerksdorp as dorp geproklameer kon word, moes die kwessie van besitreg eers afgehandel word. Die eienaars moes met die owerheid onderhandel om offisiële besitreg van hulle grond te kon ontvang.

Die algemene verloop van sake was soos volg: Gedurende 1844 of 1845 het die eienaar van „Klerksdorp" die helfte van sy reg op sy plaas afgestaan aan twaalf persone op voorwaarde dat hulle 'n watervoor moes grawe. Omdat aan die voorwaarde voldoen is, het die twaalf persone die „wettige" eienaars van die grond geword. Omdat daar destyds nie registrasiekantore

/op .........

---

1. Pelzer: Geskiedenis van die S.A.R., 140.
2. Later is die van „Le Clerq" na „De Klerk" verander.
3. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 57.
4. Pelzer: a.w., 24.

op Klerksdorp was nie, kon die grond nie offisieel aan hulle oorgedra word nie. Hulle was skynbaar ook nie gretig om die grond op hulle name te laat oordra nie, want dit sou meebring dat hulle onderworpe sou wees aan die betaling van belasting aan die staat. Sonder enige skriftelike bewyse is die grond herverdeel of het dit van eienaar verwissel. Om die toestand van verwarring uit die weg te ruim moes die grond op die naam van die regering kom en „Klerksdorp wordt dan een ‚stands'-dorp"[1].

Nadat daar tot 'n ooreenkoms geraak is tussen die grond-eienaars, verteenwoordig deur B.H. Swart en J.J. Roos, en die owerheid, is dit bekragtig op 14 Julie 1887[2]. Hiervolgens sou die eienaars die reg gehad het om kleims af te pen en om 'n mynpagbrief uit te neem. Die gedeelte van die dorp waar geen goud ontdek sou word nie, het gedien as openbare weiveld. Die eienaars sou transport vir hulle erwe kry. Die regering sou alle ander grond in besit neem[3].

Klerksdorp is offisieel as dorp verklaar op 12 September 1888[4].

7. <u>Die stigting en benaming van Hartebeestfontein</u>[5].

Toe kommandant-generaal Hendrik Potgieter in Januarie 1837 met sy strafekspedisie op weg was na Mosega om met Silkaats en sy Matabeles te gaan afreken, het hy by „Hartebeestfontein" verby getrek[6]. Dit is heel waarskynlik dat verteenwoordigers

/van ........

---

1. E.V.R., 1881 - 1887, art. 1090.
2. R. 5131/86: E.V.R., 1881 - 1887, art. 1092, in De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889, 78 - 79.
3. E.V.R., 1881 - 1887, art. 1090.
4. Notule Uitvoerende Raad, 20. Aug. 1888, art. 443. De Locale Wetten der Z.A.R., 1888 - 1889, 78 - 79.
5. Weens die afwesigheid van offisiële verslae, wat die gordyn voor die historiese verlede van hierdie romantiese Wes-Transvaalse dorpie - geleë tussen mimosabome - in 'n mate kan lig, sal enige navorser sy weg moeisaam moet voel. Dit is ook duidelik dat die geskiedenis van Hartebeestfontein geen werklike glanspunte oplewer nie; dog dit is interessant, omdat dit uniek is. Hartebeestfontein het bepaald 'n geheel en al eie geskiedenis.
6. Potgieter en Theunissen: Kommandant-generaal Hendrik Potgieter, 70.

van Potgieter se strafekspedisie in 1837 of 1838 hulle op Hartebeestfontein kon gevestig het. Dit kan aangeneem word dat die omgewing van Hartebeestfontein, met sy vrugbare grond, rantjies en digte bosse, besonder aanloklik was.

Blykens die aantekeninge oor die plek, deur mev. Willem Jooste (tant Truitjie), word die moontlikheid dat van Potgieter se mense daar kon gaan woon het, nog verder benadruk. Tant Truitjie het onder andere die volgende geskryf: „Hartebeestfontein was woes van Mimoeza boomen en bossen, daar was nog nooit een wit mensch op de Berg waar de fontein uitkom heeft een klomp kaffers gewoon. Van de Colony kom daar een paar burgers leger zeg by de witklippen drie myl aan de zuide kand van Hartebeestfontein. Waar de fontein stroom toen langs loop. een van hen kwes een hartbees toen hy de gewonde dier agter volg kryg hy de fontein stroom diep onder de berg uitkom. hy teken de plaats voor hem aan daar van heet Hartebeestfontein den naam. dit word geseg dat hy de plaats verruil voor twee ossen aan Grobler Grobler boude voor hem een huissie waar die polies stasie nou is. later verkoop Grobler Hartebeestfontein aan Klerk daar was twee broeders de een koop Klerksdorp voor een plaats voor hem. daarvan heef Klerksdorp de naam ...."

„Wessel Badenhorst schryf aan Hendrik Vermaas zyn zwager van het distrik Colesberg die destyds op Potchefstroom woon die toen een dorpie was met een paar huissen om voor hem een plaats te koop. hy wil zyn gronden daar verkoop en ook naar Transvaal gaan Hendrik Vermaas koop toen Hartebeestfontein van de Klerk voor 1000 ryksdaalders voor Wessel Badenhorst. Hy kom 1846 op Hartebeestfontein aan de Klerk kom twee jaar later weder terug en precenteer Wessel Badenhorst de helfte meer voor de plaats aan. Hy wou niet weder verkoop ...."[1].

/Hartebeestfontein ....

---

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 1 - 2.
Aantekeninge van tant Truitjie Jooste.
Hartebeestfonteinse Intermediêre skool, Jaarblad, 1948, 15.

Hartebeestfontein staan ook bekend as „Tigane", soos dit in „Sechuana" genoem word [1].

Die eerste nedersetters van Hartebeestfontein het hulle beywer vir die bou van 'n dam en die grawe van 'n watervoor. Hulle het eenvoudige huisies opgerig en landerye aangelê [2]. Langsamerhand is die landerye uitgebrei, en beter wonings is ook later opgerig [3].

8. Die ontdekking van goud.

Die vreedsame en rustige lewe van die inwoners van Klerksdorp het spoedig iets van die verlede geword. Na die ontdekking van goud het daar 'n algehele omwenteling met verreikende gevolge in die ontwikkelingsgeskiedenis van Klerksdorp ingetree.

Vroeg in 1887 het A.P. (Apie) Roos met verskeie prospekteerders op die Rand te doen gekry. Hy het die konglomeraat, bekend as banket, van die Rand in ooreenstemming gevind met die „klip" wat in die omgewing van Klerksdorp voorkom. Roos het onmiddellik in die omgewing van Klerksdorp begin prospekteer [4].

Die prospekteerders is verder aangespoor deur J. McLaren, wat Klerksdorp besoek het en besonder entoesiasties was oor die resultate van die prospekteerders. Gewapen met die stamper, vysel en pan het talle prospekteerders naarstiglik na die kosbare mineraal gesoek [5].

In 1887 het A.P. Roos aan die Staatspresident berig dat hy goud in die omgewing van Klerksdorp ontdek het. Die monster van die gouderts wat hy aan die landdros van Potchefstroom vir ontleding oorhandig het, het 1 ons 7 dwt. en 11 grein goud per

/ton ..........

---

1. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
2. Interessant is dit dat die hoofstaat van Hartebeestfontein sy „kronkels" daaraan te danke het dat die wonings gedurende die beginjare teen aan die watervoor, en wel aan die bokant daarvan, opgerig is.
3. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 4 - 5.
4. Guest: Fifty years of mining, 12.
5. Klerksdorp mining record, 3 Sept. 1892.

ton ingehou - 'n bevinding wat net mooi genoeg was om almal op loop te jaag [1].

Die nuus het soos 'n veldbrand versprei, en fortuinsoekers, spekulante, prospekteerders ens., almal vervul van die gou-ryk-word-gedagte, het na Klerksdorp gestroom. Koerante het in groot swart letters die nuus verkondig: „Goud bij Klerksdorp .... de eigenaars van plaatsen prachtige goudriffen ontdekt en er heerscht hier eene groote opgewondenheid ...." [2]. Gedurende 1886 - 1888 het die een ontdekking spoedig op die ander begin volg [3].

Die proklamering van die plaas Rietkuil tot 'n openbare goudveld op 9 Augustus 1887 [4] kan beskou word as die geboortedatum van die Klerksdorpse goudvelde. In die Staatskoerante van 1887 en veral 1888 het verskeie ander proklamasies kort op mekaar gevolg in die wyk „Schoonspruit" [5].

Ongelukkig was die tyd van ongekende voorspoed nie lank van duur nie. Die oppervlakgoud het opgeraak, en die kosbare mineraal, wat vir soveel duisende jare diep onder die aarde verborge was, wou hom nie so maklik tot ontginning leen nie. Die ontginningsmetodes moes verbeter word. Verskeie van die kleiner maatskappye moes binne die eerste jaar tou opgooi terwyl andere geamalgameer het om groter en sterker maatskappye te vorm [6].

Vanaf 1889 tot 1893 het Klerksdorp seker een van die grootste laagwatermerke in sy ontwikkelingsgeskiedenis beleef. Groot somme geld is aan die grawe van skagte bestee; dog as gevolg van

/die ....

---

1. Guest: Fifty years of mining, 12.
2. Goud bij Klerksdorp; nuusberig in: De Potchefstromer, 26 Maart 1887.
3. Argief: Klerksdorpse delwerye.
4. Staatscourant, 27 Julie 1887, 355.
5. Witpoort (28.9.1887,476); Oorbietjiesfontein, Elandsheuwel, Elandslaagte en Beentjieskraal (11.4.1888,249); Wolverand (2.5.1888,298); Palmietfontein (28.11.1888,733); Klerksdorpse omgewing (6.6.1888,348); Kafferskraal (4.7.1888,393).
6. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 59.

die gebrek aan wetenskaplike ontginningsmetodes is gevoelige verliese gely, deurdat die helfte van die goudopbrengs verlore gegaan het. Die een maatskappy na die ander was daartoe gedwing om te sluit met duisende ponde skuld[1].

Armoede en bankrotskappe was aan die orde van die dag, en tweederdes van die totale bevolking het hulle eiendomme eenvoudig leeg agtergelaat om elders 'n heenkome te soek[2].

Na 1893 het daar, met die ontdekking van die Mc.Arthur „Forest Cyanide Process", herlewing gekom in die goudindustrie[3]. Die goudopbrengs het in so 'n mate toegeneem dat dit in 1897 reeds 85,000 onse was![4]

Die Engelse oorlog het weer eens 'n algehele ekonomiese stilstand vir Klerksdorp ten gevolg gehad.

9. Die Engelse oorlog.

Die „Laer Schoonspruit Kommando" het onder bevel van veldkornet (later kommandant) Andries P.J. Cronje in 'n westelike rigting getrek en later by die magte van kommandant (later generaal) Piet A. Cronje aangesluit[5].

Generaal Andries P.J. Cronje het in Junie 1900 toegelaat dat Klerksdorp sonder weerstand deur die Engelse beset word. "Andries Cronje gave himself up to a party of the Kimberley Mounted Corps under Captain Lambard who rode into Klerksdorp on June 14th"[6].

Op 25 Julie 1900 het die Boere die Engelse verras en Klerksdorp herower[7]. "Klerksdorp was surrendered without a blow to the Boers ...."[8].

/Klerksdorp .....

---

1. Klerksdorp mining record, 3 Sept. 1892.
2. Guest: Klerksdorp se styging tot roem; artikel in Africa, Aug. 1937, 59.
   Guest: Voortrekkerdorp, 152.
3. Guest: Klerksdorp se styging tot roem, t.a.p.
4. Praagh: Transvaal and its mines, 410.
5. Guest: Voortrekkerdorp, 214.
6. Amery: The Times history of the war in South Africa, 225.
7. Guest: Voortrekkerdorp, 228.
8. Amery: a.w., 362

Klerksdorp het egter op 16 November 1900 permanent in Britse hande geval, toe generaals Douglas en Barton die dorp binnegeval het[1].

Een van die hewigste veldslae in die gebied het vroeg in Februarie 1901 in die Hartebeestfonteinpoort[2] plaasgevind. Lord Methuen is ingewag deur sowat 1500[3] burgers, versteek in die rantjies weerskante van die nek. Sestien Engelse het gedurende die slag gesneuwel terwyl drie-en-veertig verwond is[4].

Na verskeie suksesse aan Boerekant het die Britse owerheid waarskynlik besluit om hulle verdediging in die gebied te versterk. Treine, belaai met voorrade en troepe, het gedurende 1902 Klerksdorp begin binnestroom. Daar was spoedig meer as 30,000 Britse troepe in Klerksdorp om met hulle verwoestingswerk te begin[5].

Die Britte het hulle blokhuisstelsel versterk en uitgebrei, draadversperrings om Klerksdorp gemaak; plase is skandelik verwoes; huise is verbrand, en vroue is in massas aangekeer konsentrasiekamp toe[6].

Die Vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902, het 'n einde gemaak aan die byna drie jaar lange stryd tussen Boer en Brit.

10. <u>Die fenomenale groei en ontwikkeling van Klerksdorp gedurende die afgelope dekade en 'n blik in die toekoms.</u>

Die werklike groei en ontwikkeling van Klerksdorp, wat bepaal word deur die goudindustrie, tree miskien die beste na vore wanneer daar gelet word op die uitbreiding van die woongebiede en die ontstaan van nuwe dorpe, boubedrywighede, munisipale waardasies en die toename in die bevolkingsyfers.

/a. .......

---

1. Guest: Voortrekkerdorp, 230.
2. Later deur die Engelse "Hell's Gate" genoem.
   Meegedeel deur F.J. Muller - vgl.
   Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 18.
3. Guest: With Lord Methuen and the First Division, 57.
4. Ibid., 87.
5. Guest: Voortrekkerdorp, 235.
6. Meegedeel deur F.J. Muller.
   Guest: Portfolio of Klerksdorp views, 21; 30-31.

a. Die goudindustrie.

In die volgende tabel word die goudopbrengs, die waarde daarvan en die koste wat aan mynontwikkeling bestee is vanaf 1950[1], met 'n bespiegeling vir 1960, aangetoon:

| Jaar | Goudopbrengs Onse | Goudopbrengs £ | Koste aan mynontwikkeling t.o.v. arbeid en lone (£) |
|---|---|---|---|
| 1950 | 444,594 | 5,557,425 | 3,337,832 |
| 1951 | 348,170 | 4,352,125 | 3,906,694 |
| 1952 | 421,159 | 5,164,487 | 7,071,434 |
| 1953 | 561,532 | 7,019,150 | 10,735,766 |
| 1954 | 825,177 | 10,314,712 | 12,008,040 |
| 1955 | 954,761 | 11,934,512 | 16,614,198 |
| 1960 | 8,500,000 | 106,250,000[2] | 100,000,000[3] |

Volgens die tabel blyk dit dat die myne vanaf 1952 teen verlies gewerk het. Feit is egter dat die meeste van die huidige goudmyne nog op hulle ontwikkelingstadium staan en nog nie ten volle produseer nie.

Beramings dui daarop dat ongeveer 450,000,000 ton goud-draende erts ontgin kan word met 'n inhoud van ongeveer 150,000,000 onse goud met 'n waarde van sowat £2,000,000,000[4].

Die ontwikkeling van die Klerksdorpse goudbedryf verkeer ook in die gelukkige posisie dat dit saamval met die nuwe tydperk op die gebied van mynbou, nl. die produksie van uraan. Volgens berekening sal die uraaninstallasies van Western Reefs en Stilfontein by voltooiing £4,900,000 en £4,500,000 respektiewelik kos[5].

/b. .........

1. Mynkommissaris, Klerksdorp.
2. 'n Beraming in medewerking met die Mynkommissaris. Die Klerksdorp Consolidated Gold Fields Ltd. en Zandpan Gold Mining Co. Ltd., wat in 1960 ook in produksiestadium behoort te wees, is hierby ingesluit.
3. Macdonald: Klerksdorp: Gold Town that was born anew; artikel in Sunday Times, 12 Junie 1955, 32.
4. P.U. vir C.H.O.: Streekopname van Beheerde Gebied No. 2,13.
5. Ibid., 12-13.

b. <u>Die uitbreiding van woongebiede en die ontstaan van nuwe dorpe</u>.

Die volgende tabel toon die vermeerdering van die „nuwe dorpsgebiede" vir die laaste dekade in Klerksdorp aan [1]:

| Jaar | Aantal woongebiede |
|---|---|
| 1945 | 10 |
| 1950 | 19 |
| 1951 | 21 |
| 1952 | 24 |
| 1953 | 26 |
| 1954 | 31 |
| 1955 | 35 |

Die uitbreiding van Orkney, gestig in 1933, gedurende die afgelope paar jaar was fenomenaal. Die dorp is deeglik beplan, en ruime voorsiening word gemaak vir skole, kerke, parke, sportgronde e.s.m. Verskeie dorpsgebiede moes oopgestel word om die steeds aanwassende bevolking te huisves. Die blanke bevolking het van 1792 in 1951 toegeneem tot ongeveer 7000 aan die einde van 1955 [2].

Stilfontein, Hartebeestfontein en Buffelsfontein - sowat sewe myl van Klerksdorp geleë - is van die jongste aanleggings in die gebied. Die gebied word ook gekenmerk deur sy groot uitbreiding. In Februarie 1956 was daar binne die Stilfonteinse gebied 4,810 blanke inwoners [3].

c. <u>Boubedrywighede</u>.

Die boubedrywighede in die Klerksdorpse Munisipale gebied vanaf die begin van die vyftiger jare word mooi weerspieël in die volgende tabel [4]:

/Jaar ........

1. Stadsklerk, Klerksdorp.
2. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Orkney.
3. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Stilfontein.
4. Stadsklerk, Klerksdorp.

| Jaar (1 Julie - 30 Junie) | Bedrag waarvoor bouplanne goedgekeur is |
|---|---|
| 1949/1950 | £ 377,985 |
| 1950/1951 | 665,465 |
| 1951/1952 | 707,967 |
| 1952/1953 | 927,165 |
| 1953/1954 | 1,564,408 |
| 1954/1955 | 2,119,895 |

Beide Orkney en Stilfontein word gekenmerk deur groot boubedrywighede.

d. Munisipale waardasies.

Die jongste munisipale waardasie-syfers vir Klerksdorp, Orkney en Stilfontein is soos volg:

(1) Klerksdorp[1].

| | | | |
|---|---|---|---|
| Belasbaar: | Landbou: | £274,035 | |
| | Ligging: | £5,313,811 | |
| | Verbeterings: | £6,691,135 | £12,278,981 |
| Nie-belasbaar: | Landbou: | £ 605,740 | |
| | Ligging: | 1,019,070 | |
| | Verbeterings: | 1,427,750 | £ 3,052,560 |
| | | | £15,331,541 |

(2) Orkney[2].

Die totale munisipale waardasie van Orkney was vir die finansiële jaar 1952/53 £2,529,077, terwyl die jongste waardasiesyfer £5,775,599 is.

(3) Stilfontein.

Die jongste totale waardasiesyfer is £4,320,460[3].

e. Bevolkingsyfers.

Die getrouste weergawe van die groei van Klerksdorp kan miskien gesien word in die toename van die bevolking:

/Jaar ........

1. Stadsklerk, Klerksdorp.
2. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Orkney.
3. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Stilfontein.

| Jaar | Klerksdorp | Hartebeestfontein | Orkney | Stilfontein en Uitbreidings |
|---|---|---|---|---|
| 1881 | 49 1) | | | |
| 1889 | 283 2) | | | |
| 1892 | 1,500 3) | | | |
| 1895 | 2,500 4) | | | |
| 1904 | 2,445 5) | | | |
| 1911 | 2,465 6) | | | |
| 1921 | 3,121 7) | 316 13) | | |
| 1936 | 4,561 8) | 355 14) | | |
| 1946 | 7,066 9) | 425 15) | 1120 17) | |
| 1951 | 9,110 10) | 438 16) | 1792 18) | |
| 1956 | 16,000 11) | | 7000 19) | Febr.4810 20) |
| 1960 | 26,000 12) (geskat) | | | |

1. Distriksverklaring.

Gedurende die jare van die S.A.R. het Klerksdorp deel uitgemaak van die uitgestrekte Potchefstroomse distrik; meer spesifiek bekend as „Wyk Schoonspruit".

Die Klerksdorpers het hulle gedurende die negentiger jare sterk daarvoor beywer om Klerksdorp tot 'n aparte distrik verklaar te kry. „De Eerste Volksraad, gelet hebbende op de

/memories ....

1. Jeppe: Transvaal book almanac and directory, 1881, 253-254.
2. Ibid., 1889, 224-226.
3. Klerksdorp mining record, 3 Sept. 1892.
4. Staatsalmanak, 1895, 216.
5-12. Stadsklerk, Klerksdorp.
13-16. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Hartebeestfontein.
17-19. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Orkney.
22. Sekretaris, Gesondheidskomitee, Stilfontein.

memories uit Klerksdorp, vragende om Klerksdorp te verklaren tot een district ...."[1]. Hierdie kwessie is op 23 Mei 1892 weer in die Volksraad behandel, maar „de gevoelens van de burgers, die direct betrokken zijn bij de verklaring en proclamatie van een nieu district met Klerksdorp tot districtdorp, ...." was so uiteenlopend dat die aangeleentheid vir 'n onbepaalde tyd uitgestel is[2].

Dit was egter nie voor die end van 1924 dat Klerksdorp tot 'n afsonderlike distrik verklaar is nie[3].

12. Kerkgeskiedenis[4].

Nadat eerwaarde Daniël Lindley in 1842 die eerste gemeente van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, nl. Potchefstroom, gestig het, het Wessel Badenhorst, woonagtig op Hartebeestfontein, twee of drie jaar later diaken van die gemeente geword.

Die Hartebeestfonteiners het hulle gedurende die beginjare min aan die politiek gesteur en hulle hoofsaaklik bemoei met godsdiens[5].

a. Die Ned. Herv. of Geref. Kerk.

(1) Hartebeestfontein.

Omdat ds. Dirk van der Hoff in 1853 nie as predikant onder die Kaapse Sinode na die Transvaal gekom het nie, het ouderling Wessel J. Badenhorst en sy volgelinge geweier om hom as hulle predikant te erken[6].

Die Hartebeestfonteiners, wat nie die bande met die Kaapse Sinode wou verbreek nie, het die Potchefstroomse kerk, in sy nuwe „Hervormde" gedaante, verlaat.

/Hierdie .........

---

1. E.V.B., 1891, 28 Julie 1891, art. 1175, in De Locale Wetten der Z.A.R., 1890-1893, 286.
2. Ibid., art. 602.
3. Staatskoerant, 10.10.1924, proklamasie 242, in Die landdros se Distriks-rekordboek.
4. 'n Werk van hierdie aard sal onvolledig wees as daar nie ook kortliks hierby stilgestaan word nie, aangesien die kerke hulle ook direk of indirek met die onderwys bemoei het.
5. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 37.
6. Spoelstra: Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, 331.

Hierdie selfstandige gemeentetjie het dus reeds vanaf 1853 bestaan. Tot so laat as 1866 was daar nog maar slegs 75 manslidmate, wat bearbei is deur ds. Andrew Murray en ander besoekende predikante uit „Die ou Kolonie"[1]. In Februarie van dieselfde jaar het die gemeente, teen die sin van die meerderheid, teruggegaan na die Moedergemeente („Mooirivier"), Potchefstroom[2].

Deur die bemoeiinge van ds. F. Lion Cachet het daar op 6 Oktober 1866 weer 'n Ned. Geref. gemeente ontstaan. Alhoewel die gemeente alreeds vanaf 1853 bestaan het, word 6 Oktober 1866 beskou as die werklike stigtingsdatum daarvan.

Vanaf 1869 was ds. J.P. Jooste die eerste konsulent-leraar van die gemeente. In 1876 is die eerste kerkie gebou[3]. Die geseënde dienste van ds. Jooste is in 1881 skielik om politieke redes beëindig[4].

Gedurende sy herderlose jare, 1882-1888, is die gemeente bearbei deur di. Van Wyk, Minnaar, Radloff, Neethling, C.W. en H.J.L. du Toit[5].

In 1888 het Hartebeestfontein sy eerste eie predikant gekry in die persoon van ds. A.M. de Villiers. Ds. De Villiers het op 12 Julie 1890 die hoeksteen van die huidige kerkgebou gelê[6]. Deur sy skielike vertrek, om persoonlike redes, het ds. De Villiers sy dienstyd op Hartebeestfontein verbreek[7].

Ds. P.A. de Winter is in 1896 in die gemeente bevestig.

/Gedurende ....

---

1. Ons gemeentelike feesalbum, 414.
   Gerdener: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal, 196-197.
2. Ons gemeentelike feesalbum, t.a.p.
3. Idem.
4. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 15.
   Gedurende die eerste Britse anneksasie-tydperk het ds. Jooste sterk kant gekies teen die Republikeinsgesindes. Omdat die meeste Hartebeestfonteiners kerk- en predikantvas was, het hulle sy sienswyse gedeel. Nadat ds. Jooste die Britse Regering meegedeel het dat die meerderheid in die Z.A.R. Britse beheer verkies, het die gevoelens teen hom so hoog geloop dat hy vanuit Potchefstroom moes vlug - natuurlik na Hartebeestfontein, waar hy in 'n solder versteek is. Ook hiervandaan moes hy later vlug.
5. Badenhorst: a.w., 40.
6. Ibid.
7. Ons gemeentelike feesalbum, t.a.p.

Gedurende die oorlog het hy die kommando's as veldprediker vergesel. Hy het in 1903 uit die gemeente vertrek [1].

Vanaf 1903 was die volgende predikante werksaam in die gemeente: W.F. Knobel (1904-1914); D.J. Pienaar (1916 - 1920); Z.H. van der Westhuizen (1920-1930); S.J. Stander (1931-1952) [2] en ds. S.J. Eloff vanaf 1954 [3].

Die gemeentes van Klerksdorp, Makwassie, Ottosdal, Coligny en Boschpoort is almal dogtergemeentes van Hartebeestfontein [4].

(2) Klerksdorp.

In 1885 het die Ned. Hervormde gemeente van Klerksdorp met die Ned. Geref. gemeente van Hartebeestfontein verenig en sou dan bekend staan as die Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Hartebeestfontein.

Nadat goud in Klerksdorp ontdek is in 1887, het die aantal lidmate so vinnig vermeerder dat een predikant die werk nie na behore kon behartig nie. In Oktober 1889 is die Ned. Herv. of Geref. gemeente van Klerksdorp van Hartebeestfontein afgestig [5]. Die gemeente het toe reeds 1250 siele getel, van wie 590 lidmate was [6]. Prop. J.W.G. Strasheim [7] is op 22 April 1890 as herder en leraar van die gemeente bevestig [8].

„Lede van die Herv. Kerk wat die kerkvereniging [9] afgekeur het, het later aanspraak gemaak op al die eiendomme van die vroeëre Herv. Kerk. Hierdie aanspraak is deur die uitspraak van die Hooggeregshof op 5 Julie 1893 goedgekeur. Die gevolg was dat die kerkgebou, die grond en al die los goedere

/wat .............

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 42.
2. Ons gemeentelike feesalbum, 414.
3. Jaarboek van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke, 1955, 400.
4. Badenhorst: a.w., 47.
5. Ons gemeentelike feesalbum, 423.
6. Spoelstra: Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, 593.
7. Hy sou later 'n reuse-aandeel hê in die onderwys, veral na 1897.
8. Ons gemeentelike feesalbum, 423.
9. In 1885.

wat by die Kerkvereniging aan die ou Herv. kerk behoort het, aan die eisers teruggegee is"[1].

Die gebou van die Presbiteriaanse Kerk[2], geleë in die nuwe dorp, is deur die gemeente aangekoop; dog dit was spoedig te klein. Op 28 Oktober 1898 is 'n nuwe kerkgebou aan die diens van die Here gewy.

Die predikante wat die gemeente bedien het na Ds. Strasheim, was di. J.H. Eybers, P.A. Theron, D.J. Rabie en A.C. Viljoen.

Van die gemeente het Schoonspruit op 23 November 1946 afgestig, terwyl Orkney weer in 1954 van lg. gemeente afgestig het[3]. In Junie 1955 het Stilfontein en in Desember 1955 het Klerksdorp-Noord van die „Moedergemeente" afgestig[4].

b. <u>Nederduits Hervormde Kerk.</u>

Nadat Wessel Badenhorst in 1853 van die Hervormde Kerk weggebreek het, het die Herv. Kerk van Potchefstroom nog altyd vir Hartebeestfontein as 'n wyk van sy gemeente gesien. „In 1866 is .... die Ned. Gereformeerde gemeente van Hartebeestfontein, .... in die Hervormde Kerk opgeneem"[5]. Die bestaan van 'n Herv. gemeente op Hartebeestfontein was maar van korte duur. Gedurende 1866 het ds. F. Lion Cachet as „skeurmaker" opgetree en „agterdog teen die Hervormde Kerk gesaai"[6]. Hartebeestfontein het toe weer 'n Ned. Geref. gemeente geword.

Die Herv. gemeente van Klerksdorp het in 1885 met die Ned. Geref. gemeente van Hartebeestfontein verenig, met Hartebeestfontein as sentrum[7].

Deur die bemoeiinge van ds. J.C. de Vries van Zeerust is die eerste gebou van die Herv. Kerk in 1882 voltooi[8]. Na die inlywing van die Herv. gemeente, Klerksdorp, met die Ned. Geref.

/gemeente ....

---

1. Ons gemeentelike feesalbum, 423.
2. Die kerkgeboutjie het later gedien as 'n skoolgebou vir die C.N.O.-skool en Gereformeerde kerksaal.
3. Theron: Kerkgebou 1898-1948, Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Klerksdorp.
4. Meegedeel deur P.J. Pienaar, Skriba, Ned. Herv. of Geref. gemeente, Klerksdorp.
5. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned.Herv. Kerk van Afrika,250.
6. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente, Potchefstroom, 99.
7. Ons gemeentelike feesalbum. t.a.p.
8. Klerksdorp mining record, 15 Maart 1898.

gemeente, Hartebeestfontein, het die lede van die Herv. Kerk wat teen die inlywing gekant was, later aanspraak gemaak op hulle vroeëre eiendomme. Hulle aanspraak is dan ook op 5 Julie 1893 deur die Hooggeregshof goedgekeur[1].

Die Herv. gemeente van Klerksdorp het weer eens hulle vroeëre kerkgebou betrek. Hulle is tot so laat as 1905 bedien deur die predikant van Potchefstroom[2].

Ds. P.W. Ennis is op 23 September 1905 in die gemeente bevestig. Hy het die gemeente gedien tot 5 Oktober 1928[3]. Ds. P.J.J. Venter, wat die gemeente gedurende 1930 tot 1944 bearbei het, is in 1946 opgevolg deur dr. P.W. Venter[4].

In 1953 het die gemeente Klerksdorp-Oos afgestig.

c. <u>Gereformeerde Kerk.</u>

Op die Kerkraadsvergadering van 29 Oktober 1927 is „die afstigting van die wyk Klerksdorp tot een selfstandige gemeente, wat bekend sal staan as die Gereformeerde Gemeente, Klerksdorp ...." bespreek[5]. Daar was toe slegs 80 belydende lidmate[6].

As konsulent-leraars het in die gemeente gedien di. W.J. de Klerk (1927-1930)[7]; A. Duvenage (1930)[8]; J.M. de Wet 1931-1939); B.J. de Klerk (1940-1947)[9] en M.J. Booyens (1948-1950)[10].

Gedurende 1949 het die gemeente selfstandig geword. Na die vertrek van ds. M.J. Booyens op 19 Maart 1950 het daar 'n kort herderlose periode vir die gemeente gevolg. Die huidige

/predikant ..

---

1. Theron: Kerkgebou 1898-1948, Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Klerksdorp.
2. Meegedeel deur mej. E.E. Ennis.
3. Gedenkboek: P.W. Ennis, 12.
4. Almanakke van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1944-1946. Meegedeel deur dr. P.W. Venter.
5. Kerkraadsnotule, Geref. gemeente Klerksdorp, 29.10.1927.
6. Knox: Geskiedenis van die Gemeente; artikel in Gedenkuitgawe, Geref. gemeente Klerksdorp, 13 September 1952.
7. Ibid.
8. Kerkraadsnotule, Geref. gemeente Klerksdorp, 1.2.1930.
9. Knox: t.a.p.
10. Kerkraadsnotule, Geref. gemeente Klerksdorp, 8.1.1948. Ibid., 16.2.1950.

predikant, ds. A.A. Venter, is op 17 Februarie 1951 in die gemeente bevestig[1].

Vanaf 1927 tot 1952 het die gemeente gebruik gemaak van die gebou van die ou Presbiteriaans Kerk[2]. Die nuwe kerkgebou is op 13 September 1952 in gebruik geneem[3].

1. Kerkraadsnotule, Geref. gemeente Klerksdorp, 25.1.1951.
2. Die ou Ned. Herv. of Geref. Kerkgebou en C.N.O.-skool.
3. Kerkraadsnotule, Geref. gemeente Klerksdorp, 8.8.1952.